



# LAERSKOOL STELLENBOSCH

## SWEMBELEID

### 1. Swemgalas

- 1.1 Swemgalas word op die kwartaalprogram aangedui en vind op verskillende dae van die week plaas.
- 1.2 Swemgalas sal vroegtydig op die die communicator aangedui word.
- 1.3 Enige veranderinge sal aan die ouers deurgegee word via die communicator.
- 1.4 As daar galas plaasvind sal swemoefeninge vir die ander swemmers voortgaan, tensy dit 'n groot gala is waar al die afrigters betrokke moet wees.

### 2. Drag: Afrigters

- 2.1 Enige sportklere kan deur die afrigters gedra word. Afrigters wat in die water met die kinders werk moet 'n "wetsuit" of 'n vol oefenswembroek dra.
- 2.2 Dra 'n pet of hoed aangesien dit deel is van ons skool se sonbeleid.
- 2.3 Tydens swemgalas word die amptelike sportdrag saam met 'n wit broek gedra.

#### Leerders

- 2.2.1 Tydens oefeninge is swemmers verplig om met 'n swempet te swem. Dogters oefen in vol swembroeke. Seuns mag in enige swembroek oefen, maar geen sportbroekies nie.
- 2.2.2 Tydens galas moet alle dogters 'n vol swart oefenswembroek dra en seuns 'n swart speedo swembroek.
- 2.2.3 Swempette is by die klerebank te koop.

### **3. Gedrag**

#### **3.1 Afrigters**

Die kind en sy veiligheid kom eerste.

Onthou jy is eers 'n opvoeder en dan die afrigter.

Pas die reëls rondom die swembad konsekwent toe.

As jy twyfel, sê so en vra raad.

Hou die skool se naam hoog.

Geen kru taal word toegelaat nie.

Geen leerder word fisies of emosioneel afgeknou nie.

Geen kommunikasie met ouers langs die swembad tydens oefeninge nie.

Indien daar 'n dispuut vanaf ouers langs die swembad is, mag daar onder geen omstandighede voor of naby die leerders in gesprek getree word nie.

As ouers hulle wangedra, bring dit onder die organiseerder se aandag.

#### **3.2 Swemmers**

Hou die skool se naam hoog.

Geen kru taal word toegelaat nie.

Tree altyd hoflik en met positiewe sportmansgees teenoor mededingers op.

#### **3.3 Ouers**

Hou die skool se naam hoog en moenie in 'n argument betrokke raak nie.

Geen kru taal word toegelaat nie.

Indien daar iets is waaroor u onseker of ongelukkig is, maak 'n afspraak buite oefentye, met die betrokke afrigter en bespreek dit.

Die afrigter se spankeuses word professioneel gedoen en moet dus so gerespekteer word.

### **4. Afwesighede van oefeninge en wedstryde**

#### **4.1 Afrigters**

Afrigters bly verantwoordelik vir die afrigtingsessie.

Verskonings moet vroegtydig by die swemorganiseerder gemaak word.

Afrigters moet self iemand in hul plek reël en vir die aflospersoon 'n volledige oefenprogram vir die oefening gee of reël dat hul groep ingedeel word.

Hou altyd 'n paar idees in 'n lêer byderhand vir noodgevalle.

#### **4.2 Swemmers:**

Indien jy nie in 'n gala kan deelneem nie, is jy **self** verantwoordelik om die swemorganiseerder so gou moontlik in kennis te stel.

As jy deel is van die swemspan word daar van jou verwag om aan galas deel te neem soos wat die behoefte van elke gala is.

## 5. INDELING VAN GROEPE

By die oefeninge word daar op waterveiligheid en selfvertroue vir beginners, vaardigheid vir gevorderde swemmers en styl en stamina vir swemspanne gekonsentreer. Van gr. R tot gr. 3 is die aantal swemmers beperk tot net drie swemmers per afrigter per sessie van 15 tot 20 minute. Dit gee die afrigter die geleentheid om veiligheid behoorlik toe te pas en om elke swemmer optimaal af te rig. Die gr. R tot 3 - swemmers word in die eerste week van skool ingedeel in vaardigheidvlakke sodat 'n afrigter in een sessie swemmers met dieselfde vaardigheid het.

Gr. R:

Hulle word afgerig deur hulle eie klasonderwysers. Leerders word in twee groepe ingedeel wat op onderskeidelike dae swem.

Gr. 1 tot 3 – BEGINNERS:

Beginnerswemmers in gr. 1 – 3 swem in dié groep. Hierdie groep konsentreer op waterveiligheid en basiese vaardighede.

Gr. 1 tot 3 - GEVORDERD:

Leerders in gr. 1 – 3 wat reeds 'n breedte kan swem, maar nog nie die korrekte styl swem nie.

Gr. 4 – 5:

Leerders in gr. 4 – 5 wat reeds 'n breedte kan swem, maar nog nie die korrekte styl swem nie.

Gr. 6 – 7:

Leerders in gr. 6 – 7 wat reeds 'n breedte kan swem, maar nog nie die korrekte styl swem nie.

JUNIOR SWEMSPAN:

Leerders in gr. 1 – 3 wat reeds 'n lengte kan swem en gereed is om aan 'n gala deel te neem.

SENIOR SWEMSPAN:

Leerders in gr. 4 – 7 wat reeds 'n lengte kan swem en gereed is om aan 'n gala deel te neem.

## 6. Galabriewe

Briewe wat uitgedeel word, moet so gou moontlik deur swemmers se ouers ingevul en terug- gestuur word.

Laat inskrywings sal nie aanvaar word nie.

Dit bly die **verantwoordelikheid van die kind** om self die swemorganiseerder in kennis te stel indien hy/sy nie kan deelneem nie.


## 7. Kommunikasie

Volg die korrekte kanale. Kontak eers die afrigter, buite oefentye. Indien die saak onopgelos bly kan die organiseerder gekontak word en as laaste uitweg die sportorganiseerder.

## 8. Apparaat

Alle afrigters en leerders wat met swemapparaat werk, is verantwoordelik daarvoor om dit op die regte manier te gebruik en op te pas. Apparaat moet netjies na afloop van elke oefening in die kaste in die swemstoor gebêre word.


AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 22 SEPTEMBER 2020



VOORSITTER



SEKRETARESSE



SKOOLHOOF

LAERSKOOI STELLENBOSCH  
ENDLERSTRAAT  
STELLENBOSCH  
7600